

Liquid Boron

Reg. No. B3255 Act No. 36 of 1947

Liquid Boron is 'n wateroplosbare Boor-oplossing wat as blaarvoeding of sproeibemesting toegedien kan word vir die onderhoud en/of regstelling van Boor in verskeie gewasse.

Wat is Liquid Boron:

- **Liquid Boron** is 'n Boor-bevattende wateroplosbare kunsmis en is effektief in die regstelling van tekorte, die voorkoming van tekorte tydens ongunstige klimaatstoestande, sowel as die handhawing van Boorvlakke tydens kritieke groeiperiodes.

Voordele van Liquid Boron:

- **Liquid Boron** is heeltmaal oplosbaar in water en kan toegedien word as blaarvoeding of as sproeibemesting.
- **Liquid Boron** kan ook as 'n grondtoediening toegedien word.
- Verenigbaar met ander landbouchemikalieë. **Voorsorg moet wel getref word wanneer Liquid Boron saam met ander pH-sensitiewe middels gemeng word.**
- Die formulering van **Liquid Boron** verseker gebruiksgemak.
- **Liquid Boron** bied produsente die oplossing om Boorvlakke in plante vining en effektief te verhoog tydens kritieke groeiperiodes.

Hoe om Liquid Boron te gebruik:

- Blaartoediening: 50-200 ml/100 l water.
- Sproeibemesting: 500-2000 ml/ha.
- Grondtoediening: 5-15 l/ha.
- Wanneer **Liquid Boron** as 'n blaarvoeding gebruik word, moet dit as 'n voldekbepuiting toegedien word sonder om 'n konsentrasie van 0,75% op konvensionele gewasse of 0,15% op sensitiewe gewasse te oorskry.

Waar om Liquid Boron te gebruik:

- Aartappels – verhoog Kalsium-opname. Verlaag die oksidering van fenole wat verantwoordelik is vir ensiematiese verkleuring. Stabiliseer Kalsium in die selwand. Verhoog plante se weerstand teen peste, plaë en abiotiese stres.
- Koring – bevorder ontkieming en vrugbaarheid van stuifmeel. Bevorder vrugset en opbrengs.
- Sojabone – ondersteun selvorming en verbeter blomontwikkeling, stuifmeel-lewensvatbaarheid, peulvorming en vrugset. Speel 'n rol in die ontwikkeling van nodules.
- Katoen – belangrikste mikro-element en het 'n hoë aanvraag. Krities belangrik vir bol-ontwikkeling.
- Mielies – speel 'n belangrike rol tydens blom, stuifmeel-ontwikkeling en saadontwikkeling.
- Plante se behoefte aan **Boor** is die hoogste tydens die reprodktiewe fase, veral tydens blom en vrugset. Dit is dus noodsaaklik om die plant se behoeftes tydens hierdie kritieke groeifases vroegtydig aan te spreek.
- **Boor** is grotendeels onbeweeglik in plante wat beteken dat dit nie sal translokeer vanaf bestaande plantdele na nuwe groei nie.
- **Boor**-tekorte sal eerste waargeneem word in jong blare.
- Tydens periodes waar Boorvlakke laag is, kan plante gesond vertoon, maar het dit dikwels leë stuifmeelsakkies, swak stuifmeel-lewenskragtigheid, sowel as 'n verminderde aantal blomme per plant.
- Die **Boor**-komponent in **Liquid Boron** is aktief betrokke by stuifmeelontkieming en vrugset.



*Sien etiket vir verdere inligting en instruksies.